**Sondag 23 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 3:7-19**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 3:12**

## Fokus op ’n gesindheid van aanmoediging

Ons kan maklik in ons liefde vir die Here en mekaar verflou. Meer nog, ons kan dalk sien hoe gelowiges besig is om van die lewende God afvallig te raak. Wat moet ons reaksie wees as lidmate nie meer kerk toe kom nie, of hulle gemeenskap met die gelowiges beëindig?

Daar is in elke gemeente en selfs in families mense wat neig om ’n hartsverandering te ondergaan: hulle twyfel en raak onverskillig. Ons kan maklik ons rug draai en niks daaraan doen nie. Die Here leer ons in hierdie gedeelte hoe groot ons verantwoordelikheid teenoor sulke onverskilliges is. Ons het nog tyd om iets te doen.

Vandag as jy sy stem hoor, doen iets! Solank daar nog ’n “vandag” is, kan ons na mekaar omsien. Ons is mekaar se wagters en moet mekaar aanspoor om nie van ons Here weg te dryf nie.

Misleiding deur mense wat die wetenskap verdraai of ’n verkeerde manier van lewe aanleer, kan sulke mense se harte hard en koud maak. Ons is vas aan Christus as ons self in ons vertroue op Christus en op sy verlossingswerk bly volhard. Vertel vir mekaar van God se groot dade in jou eie lewe. Bring weer die Blye Boodskap na mense wat van God en sy Woord weggegly het. Dan sal ons die ewige rus uiteindelik ingaan.

As ons self of toelaat dat ander net meer en meer in ongeloof verhard, sal ons soos die Israeliete net lyke in die woestyn bly en nie in God se rus ingaan nie.

*Sing: Psalm 95:4, 5 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*